



## A reading adventure

Every day, all across South Africa, reading activists like you and Nal'ibali help children to discover the joy of reading. Sometimes the children we share stories with are our own children, but often they are also the children in our classrooms, libraries and reading clubs. And we are part of a wider community of adults across the world who are committed to making sure that our children experience the power of reading!

It takes time and energy to help children establish the habit of reading for enjoyment – it happens as we share books and stories with children again and again. The beginning of a new year is always a good time to think about what reading experiences you want your children to have over the next twelve months.

Reading for enjoyment needs to be an adventure, not a chore! Adventures help us to explore new things and they often involve challenges. Giving children reading challenges encourages them to try out new things that they may not even have thought of. These challenges can help to motivate children, and motivation plays a big part in children's reading lives. Motivation is the thing that makes children want to learn to read in the first place. Then it keeps them reading and turns reading for enjoyment into a healthy habit!

Reading challenges may take us out of our comfort zones for a while, but they also allow us to discover things about ourselves as readers – including what we enjoy reading and what we don't enjoy reading!

So, to help make 2018 a reading adventure for your children, we have created a reading passport (see pages 13 and 14) that encourages them to explore reading and stories! Follow the instructions on page 15 to make the passport and then let the fun begin! We wish you a happy, adventure-filled reading year!

## 'n Leesavontuur

Elke dag help leesaktiviste soos jy en Nal'ibali, kinders oor die hele Suid-Afrika om die vreugde van lees te ontdek. Soms is dit ons eie kinders met wie ons stories deel, maar dikwels is dit ook die kinders in ons klaskamers, biblioteke en leesklubs. En ons is deel van 'n groter gemeenskap van volwassenes regoor die wêreld wat daartoe verbind is om seker te maak dat ons kinders ontdek hoe kragtig lees is!

Dit verg tyd en energie om kinders te help om lees vir genot 'n gewoonte te maak – dit gebeur wanneer ons boeke en stories weer en weer met kinders deel. Die begin van 'n nuwe jaar is altyd 'n goeie tyd om te dink oor watter leerervarings jy in die volgende twaalf maande vir jou kinders wil gee.

Lees vir genot moet 'n avontuur wees, nie 'n taak nie! Avonture help ons om nuwe dinge te ontdek, en dit behels dikwels uitdagings. As ons vir kinders leesuitdagings stel, moedig dit hulle aan om nuwe dinge, waaraan hulle dalk nooit sou gedink het nie, te probeer. Hierdie uitdagings kan help om kinders te motiveer, en motivering speel 'n groot rol in kinders se lewens as lesers. Motivering is die een ding wat maak dat kinders in die eerste plek wil lees. Dan hou dit hulle aan die lees en verander lees vir genot in 'n gesonde gewoonte!

Leesuitdagings haal ons dalk vir 'n rukkie uit ons gemaksones, maar hulle maak dit ook vir ons moontlik om dinge oor onself as lesers te ontdek – soos wat ons graag lees en wat ons nie graag lees nie!

Om te help om 2018 'n leesavontuur vir jou kinders te maak, het ons dus 'n leespaspoort (sien bladsye 13 en 14) gemaak wat hulle aanmoedig om lees en stories te verken! Volg die aanwysings op bladsy 15 om die paspoort te maak en laat die pret dan begin! Ons wens julle 'n gelukkige jaar vol leesavonture toe!



**INSIDE:**  
Your 2018 reading passport!  
Turn to pages 13 to 15.

**BINNE:**  
Jou leespaspoort vir 2018!  
Blaai na bladsye 13 tot 15.

**It's World Read Aloud Day on 1 February 2018!**  
Look out for our special World Read Aloud Day edition of the Nal'ibali Supplement, which will be available in the week of 28 January. For information on how to get involved in Nal'ibali's World Read Aloud Day activities, go to [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).

**Op 1 Februarie 2018 is dit Wêrelddag vir Hardop Lees!** Wees op die uitkyk vir ons spesiale uitgawe van die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees, wat in die week van 28 Januarie beskikbaar sal wees. Vir inligting oor hoe om betrokke te raak by Nal'ibali se aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees, gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).



Drive your imagination

Join us in taking the power of stories to the next level. Let's go!

Kom ons neem saam die krag van stories na die volgende vlak. Komaan!



# I want to be a chef!

By Kgosi Kgosi ✨ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood

In the town of Mahikeng, there lived a young boy named Kabelo. He loved nothing more than cooking. He cooked good food that everyone in his family enjoyed. Kabelo was also good at baking. He baked cakes and bread. He also made soup for homeless people in his community.

One morning at school, Mrs Ramaila, Kabelo's teacher, asked everyone in the class to say what they would like to do after they finish school one day.

A girl stood up. "I would like to be an astronaut and go to space," she said.

"I would like to be a doctor," said one of the boys.

Then Kabelo stood up. "I would like to earn a living by cooking," he said. "I want to be a chef."



All the children were shocked. First they stared at Kabelo and then they all started laughing.

"But cooking is for girls," laughed one of the girls.

Mrs Ramaila told everyone to be quiet. "You can be anything you want to be, Kabelo," she said kindly. "Don't listen to them." But Kabelo's feelings were already hurt.

On the way home from school the other children kept on teasing him.

When he got home, Kabelo found his father washing the dishes while his mother made lunch.

"How was school today?" asked his father.

"Everyone laughed at me when I told them I wanted to be a chef and cook for a living," explained Kabelo. "They said that boys don't cook and that cooking is for girls. They also said real boys play rugby and soccer. But I don't like those things!"

His father hugged him. "Do you know that some of the best chefs in the world are men?"

Kabelo was surprised and said, "Really?"

"Yes!" said his father as he took his cellphone out of his pocket. "Look!" He showed Kabelo pictures of the many chefs around the world who were men. They looked at pictures of all the good food the chefs had cooked and Kabelo started to feel a little better.

"You should enter a cooking competition, Kabelo," his mother said to him. "There is one called *The Young Super Chef* and it is on television."

His father agreed. "Yes," he said, "your cooking is very good. You could win that competition."

And that was how it came about that Kabelo entered *The Young Super Chef* competition.

A few months later, as part of the competition, Kabelo was on television. He found himself amongst other young chefs just like him. Some of them were boys who loved cooking – just like him!

The competition was really tough! The young chefs were asked to cook meals they had never cooked before. They also had to use ingredients they had never heard of before. One by one, they were voted out by the judges. Kabelo saw them cry as they left. He did not want the same thing to happen to him. He concentrated extra hard to make sure that he didn't make any mistakes.

When Kabelo ended up in the final round of the competition, his mother and father were so proud of him! The whole school was watching on television – even the boys and girls who had made fun of him. Kabelo was making his school proud.

Kabelo felt nervous. The competition was nearly over, but there was one person left he had to beat in order to win. The problem was, that young chef was as good as Kabelo was!

The final round started. The two young chefs each had an hour to cook their meal. Fifteen minutes into the round, Kabelo dropped a bowl filled with the mixture for a chicken pie onto the floor. He wasn't allowed to pick the mixture up – that would mean that he would lose the competition. So he had to start all over again. Now it would be a struggle for him to finish in time. Everyone watching was worried, but Kabelo managed to finish his dish just in time.


Then the judges had to taste the food. This would decide who the winner would be! They tasted Kabelo's food and said that they thought it was very good. Then they tasted the food of the other young chef. They thought that was very good too! They left to make a final decision. The audience knew that choosing a winner was going to be difficult.

It was a whole hour before the judges came back with a final decision. The winner was ... Kabelo! His parents were so happy and proud! Their son was *The Young Super Chef* of the year. Kabelo won a trophy and prize money.



The next day Kabelo took his trophy to school and everyone there celebrated with him. Kabelo had shown everyone that boys could be chefs too!

"I'm glad you didn't listen to some of the children when they teased you," said Mrs Ramaila. "You see, I told you, you could be anything you want to be!"



# Ek wil 'n sjef wees!

Deur Kgosi Kgosi ✨ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

In die dorp Mahikeng het daar 'n jong seun met die naam Kabelo gewoon. Daar was vir hom niks lekkerder as om kos te maak nie. Hy het gesonde kos gemaak waarvan almal in sy gesin gehou het. Kabelo kon ook baie goed bak. Hy het koek en brood gebak. Hy het ook sop gekook vir die hawelose mense in sy gemeenskap.

Een oggend by die skool, vra mev. Ramaila, Kabelo se onderwyser, vir almal in die klas wat hulle eendag wil word wanneer hulle klaar is met skool.

'n Meisie staan op. "Ek wil 'n ruimtevaarder word en die ruimte gaan verken," sê sy.

"Ek wil 'n dokter word," sê een van die seuns.

Toe staan Kabelo op. "Ek wil graag eendag 'n bestaan maak deur kos te kook," sê hy. "Ek wil 'n sjef wees."



Al die kinders is geskok. Eers staar hulle na Kabelo, en toe begin almal lag.

"Maar kos maak is vir meisies," lag een van die meisies.

Mev. Ramaila maak almal stil. "Jy kan enigiets word wat jy wil wees, Kabelo," sê sy vriendelik.

"Moenie na hulle luister nie." Maar Kabelo voel klaar seergemaak.

Op pad huis toe ná skool hou die ander kinders aan om hom te terg.

Toe hy by die huis kom, is Kabelo se pa besig om skottelgoed te was terwyl sy ma middagete maak.

"Hoe het dit vandag by die skool gegaan?" vra sy pa.

"Almal het vir my gelag toe ek vir hulle vertel dat ek eendag 'n sjef wil word," verduidelik Kabelo. "Hulle sê seuns maak nie kos nie en dat kos maak vir meisies is. Hulle sê ook regte seuns speel rugby en sokker. Maar ek hou nie daarvan nie!"

Sy pa gee hom 'n drukkie. "Weet jy dat van die beste sjefs in die wêreld mans is?"

Kabelo is verbaas en sê, "Regtig?"

"Ja!" sê sy pa terwyl hy sy selfoon uit sy sak haal. "Kyk!" Hy wys vir Kabelo foto's van die talle manlike sjefs oral in die wêreld. Hulle kyk na foto's van al die heerlike kos wat die sjefs maak, en Kabelo begin effens beter voel.

"Jy moet vir 'n kookkompetisie inskryf, Kabelo," sê sy ma. "Daar is een wat *Die Junior Supersjef* genoem word en dit is op televisie."

Sy pa stem saam. "Ja," sê hy, "jy maak baie goed kos. Jy kan daardie kompetisie wen."

En dis hoe dit gebeur dat Kabelo inskryf vir *Die Junior Supersjef*-kompetisie.

'n Paar maande later verskyn Kabelo as deel van die kompetisie op televisie. Hy is omring met ander jong sjefs nes hy. Party van hulle is seuns wat daarvan hou om kos te maak – nes hy!

Die kompetisie is regtig straf! Die jong sjefs word gevra om maaltye voor te berei wat hulle nog nooit voorheen gekook het nie. Hulle moet ook bestanddele gebruik waarvan hulle nog nooit gehoor het nie. Een vir een word hulle deur die beoordelaars uitgestem. Kabelo sien hoe hulle huil wanneer hulle wegstap. Hy wil nie hê dit moet met hom ook gebeur nie. Hy konsentreer ekstra hard om seker te maak hy maak geen foute nie.

Toe Kabelo tot die laaste rondte van die kompetisie deurdring, is sy ma en pa baie trots op hom! Die hele skool kyk op televisie na die kompetisie – selfs die seuns en meisies wat vir Kabelo gespot het. Kabelo maak sy skool trots.

Kabelo is senuweeagtig. Die kompetisie is byna verby, maar daar is nog een persoon wat hy moet klop om die kompetisie te wen. Die probleem is dat die ander jong sjef net so goed soos Kabelo is!

Die laaste rondte begin. Die twee jong sjefs kry elkeen 'n uur om hul maaltyd voor te berei. Vyftien minute nadat sy uur begin het, laat val Kabelo 'n bak met die mengsel vir 'n hoenderpastei op die vloer. Hy mag nie die mengsel optel nie – dit sou beteken dat hy die kompetisie verloor. Toe moet hy maar weer van voor af begin. Nou gaan dit moeilik wees om betyds klaar te wees. Almal wat kyk, is bekommerd, maar Kabelo kry net betyds klaar.

Toe moet die beoordelaars die kos proe. Dit sal bepaal wie die wenner gaan wees! Hulle proe aan Kabelo se kos en sê hulle dink dat dit baie lekker is. Toe proe hulle aan die ander jong sjef se kos. Hulle dink dit is ook baie lekker! Hulle gaan uit om 'n finale besluit te neem. Die gehoor weet dit gaan moeilik wees om 'n wenner te kies.

Dit duur 'n volle uur voordat die beoordelaars met 'n finale besluit terugkom. Die wenner is ... Kabelo! Sy ouers is so gelukkig en trots! Hulle seun is *Die Junior Supersjef* van die jaar. Kabelo wen 'n trofee en prysgeld.



Die volgende dag vat Kabelo sy trofee skool toe en almal vier saam met hom. Kabelo het vir almal gewys dat seuns ook sjefs kan wees!

"Ek is bly jy het nie na van die kinders geluister toe hulle jou geterg het nie," sê mev. Ramaila. "Sien jy, ek het jou gesê jy kan enigiets wees wat jy wil wees!"



# Get story active!

Here are some ideas for using the Story Corner story, *I want to be a chef!* (page 2), as well as the two cut-out-and-keep picture books, *Six blind mice and an elephant* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *Fruit salad* (pages 9 and 10). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.



## I want to be a chef!

When Kabelo tells the other children in his class that he wants to be a chef when he grows up, they laugh at him and tease him saying that cooking is only for girls. Then Kabelo enters a cooking competition on TV and gets through to the finals! Will this make the children in his class change their minds?

- ★ Discuss the following question with your children: Do you think there are some jobs that should only be done by men and some that should only be done by women? Why?
- ★ Kabelo wants to be a chef when he leaves school. Ask your children what they want to be one day. Then encourage them to draw a picture of themselves that shows what they imagine their lives will be like when they are adults.



# Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die Storiehoekie-storie, *Ek wil 'n sjef wees!* (bladsy 3), asook die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Ses blinde muise en 'n olifant* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Vrugteslaai* (bladsye 9 en 10) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

## Ek wil 'n sjef wees!

Wanneer Kabelo vir die ander kinders in sy klas vertel dat hy 'n sjef wil wees wanneer hy groot word, lag hulle vir hom en sê dat net meisies kos maak. Dan skryf Kabelo in vir 'n kookkompetisie op TV en dring deur tot die finale rondte! Sal dit die kinders in sy klas se siening verander?

- ★ Bespreek die volgende vraag met jou kinders: Dink julle daar is sekere werk wat net mans behoort te doen en sekere werk wat net vroue behoort te doen? Waarom?
- ★ Kabelo wil 'n sjef wees wanneer hy klaar is met skool. Vra jou kinders wat hulle eendag wil word. Moedig hulle dan aan om 'n prent van hulself te teken wat wys hoe hulle dink hul lewens sal wees wanneer hulle grootmense is.

## Six blind mice and an elephant

An elephant wanders into a barn and falls asleep. Six blind mice come out of their mouse-hole to investigate this most unusual creature. They come up with six very different ideas as they explore what an elephant's body is like.

- ★ As you read the story:
  - ☉ talk about the details in the pictures together.
  - ☉ ask your children to suggest why the mice thought that the different parts of the elephant's body were like a wall, a spear, a fan, a snake, a tree and a rope.
- ★ After you have read the story, encourage your children to draw their own pictures of the six blind mice exploring the elephant's body while he sleeps.
- ★ Play a game with your children in which they use only their sense of touch to describe and name objects. Without letting your children see what you're doing, put some objects into a pillowcase or shopping bag. Now let the children take turns to close their eyes and take an object out. Let them keep their eyes closed as they feel the object, describe it and then try to guess what it is.



## Ses blinde muise en 'n olifant

'n Olifant drentel in 'n skuur in en raak vas aan die slaap. Ses blinde muise kom uit hul muisgat om na hierdie uiters ongewone gedierte te kyk. Hulle kom met ses baie verskillende idees vorendag terwyl hulle die olifant se lyf verken.

- ★ Terwyl jy die storie lees:
  - ☉ gesels saam oor die besonderhede in die prente.
  - ☉ vra jou kinders om te sê waarom die muise dink dat die verskillende dele van die olifant se lyf soos 'n muur, 'n spies, 'n waaier, 'n slang, 'n boom en 'n tou is.
- ★ Nadat jy die storie gelees het, moedig jou kinders aan om hul eie prente te teken van die ses blinde muise wat die olifant verken terwyl hy slaap.
- ★ Speel 'n spelletjie met jou kinders waarin hulle slegs hul tassintuig gebruik om voorwerpe te beskryf en te benoem. Plaas voorwerpe in 'n kussingsloop of inkopiesak sonder dat jou kinders sien wat jy doen. Laat die kinders nou beurte neem om hul oë toe te maak en 'n voorwerp uit te haal. Hulle moet hul oë toe hou terwyl hulle aan die voorwerp voel, dit beskryf en dan probeer raai wat dit is.

## Fruit salad

This little book names some of the fruits that are enjoyed by children from different parts of Africa – from Egypt to South Africa. Younger children will enjoy this book, but you can use it with older children too. Suggest that they read it in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement. They can also read it to each other and to younger children who they know.

- ★ After you have read the book together, discuss which of the fruits your children have tasted before, and also which ones they liked.
- ★ Find some fruit and make a fruit salad together – then enjoy eating it! Encourage your children to write a recipe for your fruit salad.
- ★ Suggest that your children make their own books about fruit by drawing pictures of their favourite types of fruit and then writing a description of the fruit next to each picture. Encourage them to think of words to describe the colour and shape of each fruit, as well as what it is like on the outside and inside.



## Vrugteslaai

Hierdie klein boekie gee die name van vrugte wat deur kinders in verskillende dele in Afrika geniet word – van Egipte tot Suid-Afrika. Jonger kinders sal hierdie boek geniet, maar jy kan dit ook vir ouer kinders gebruik. Stel voor dat hulle dit eers in hul moedertaal lees en dan in die ander taal van die bylae. Hulle kan dit ook vir mekaar en vir jonger kinders wat hulle ken, lees.

- ★ Nadat julle die boek saam gelees het, bespreek watter van die vrugte jou kinders al geproe het, en ook van watter hulle gehou het.
- ★ Kry vrugte en maak saam 'n vrugteslaai – en smul dan daaraan! Moedig jou kinders aan om 'n resep vir jul vrugteslaai neer te skryf.
- ★ Stel voor dat jou kinders hul eie boeke oor vrugte maak deur prente van hul gunstelingvrugte te teken en 'n beskrywing van die vrug langs elke prent te skryf. Moedig hulle aan om aan woorde te dink wat die kleur en vorm van elke vrug beskryf, en ook hoe die binnekant en buitekant lyk.

## Create TWO cut-out-and-keep books

### Fruit salad

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

### Six blind mice and an elephant

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



## Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

### Vrugteslaai

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

### Ses blinde muise en 'n olifant

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

The third mouse, who was busy exploring the elephant's ear, piped up. "That's really silly! It is all too clear to see that an elephant is like a - **'lam**"



Die derde muis laat van hom hoor waar hy besig is om die olifant se oor van nader te beskou. "Julle is sommer laf! Dis tog duidelik soos daglig. 'n Olifant is soos 'n - **'waier**"

Suddenly, the elephant stood up and scratched his ear with such gusto that some of the mice let go of him while others held on for dear life.



Skielik kom die olifant orent en krap sy oor so woens dat sommige muisse laat los, terwyl ander klou vir al wat hulle werd is.




### Ses blinde muisse en 'n olifant

## Six blind mice and an elephant

Jude Daly  
Elsa Silke

**I was lucky enough to have my imagination enlivened and enriched** by stories as a child. Stories that flew out of books and into my play helping me to make some sense of my world. This simple story encourages us to step back and draw on all our senses to piece together the BIG picture. So let's play, I'll be the oldest blind mouse. Who would you like to be?  
- Jude Daly

Courtesy of Otter-Barry Books(UK) and Tafelberg (an imprint of NB Publishers)



NBPublishers




NBPublishers



nb\_bookstagram

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



“Because it is not,” squeaked the second mouse, as she scuttled up and down the elephant’s smooth, sharp tusk. “An elephant is actually like a – **spear!**”



“Want hy is nie,” piep die tweede muis, wat gly-gly op die olifant se gladde, skerp tand probeer rondklouter. “Eintlik is ’n olifant soos ’n – **spies!**”

The fourth blind mouse managed to cling on to the elephant’s trunk as it twisted this way and that. “A fan, what nonsense!” he squealed. “This creature is very like a – **snake!**”

Die vierde blinde muis kly dit reg om aan die olifant se slurf te bly klou terwyl dit heen en weer swiep en kronkel. “’n Waier? Ag, bog!” piep hy. “Hierdie diersie laat my dink aan ’n – **slang!**”



Een snikwarm dag kom ’n olifant vaak-vaak uit die woud gedrentel en beland in ’n boer se skuur. Hy snuffel ’n bietjie rond, maak vir hom ’n snoesige bed, sug tevrede, en dommel weg droomland toe.

Die boer wou nog altyd ’n regte olifant sien. Opgewonde beduie hy aan sy vrou en kinders om te kom kyk. Hulle haas hulle buitetoe en roep al die bure.

One hot, hot day, a sleepy elephant wandered out of the forest and into a farmer’s barn. He sniffed around, made himself a cosy bed, sighed contentedly and fell asleep.

The farmer had always wanted to see a real elephant. He beckoned excitedly to his wife and children and they all ran out to look.



So the six blind mice tiptoed out of the barn. Then they scampered back to their nest, squeaking and squealing with satisfaction at having seen for themselves the wonder of an elephant.


“A snake?” squeaked the fifth mouse, as he scuttled around a knotty knee. “How ridiculous! Why, even the blindest mouse could tell you that an elephant is like a – **tree!**”

“n Slang?” piep die vyfde muis, wat op ’n knoppige olifantknie rondskarrel. “Jy’s skoon verspot! Liewe land, selfs die blindste muis sal jou kan sê ’n olifant is soos ’n – **boom!**”



Op hulle toontjies sluip die ses blinde muise by die skuur uit. Al piepend skarrel hulle tevrede terug na hulle nessie, verheug dat hulle die wonder kon ervaar van ’n dier met die naam olifant.

First to reach the barn was the oldest blind mouse. He scampered inside and almost crashed into the elephant’s gigantic, solid side. “Ouch!” he squealed. “Why did no one say that an elephant is like a – **wall?**”



Die eerste een om die skuur te bereik, is die oudste blinde muis. Hy skarrel binnetoeg en bots byna teen die olifant se massiewe lyf. “Eina!” piep hy. “Hoekom het niemand dan gesê ’n olifant is soos ’n – **muur** nie?”



So, as soon as all the people and all the animals – especially the cat – went away, the mice crept out of their hole and set off again.

While they were hiding, the six blind mice overheard people talking about a remarkable creature called an elephant, that was sleeping in the farmer's barn. And the more the mice heard, the more they knew this must be the creature they were looking for.

... CATSI!




“Help!” piep die muis, en laat spander om skilling te soek. Vanuit hulle wegkruipplek luister die ses blinde muis hoe die mense praat oor 'n merkwaardige gedigte met die naam olifant, wat glo in die boer se skuur lê en slaap. Hoe langer die muis luister, hoe sekerder is hulle dat dit die gedigte moet wees waarna hulle op soek is. Toe al die mense en al die diere – veral die kat – weg is, kruip die muis uit hulle gatjie en gaan verder.

... KATTE!

Alte gou is die skuur omring van mans, vroue en kinders wat onder mekaar staan en fluister oor die wonder van 'n olifant in die skuur.

Then they called the neighbours. Soon the barn was surrounded by men, women and children, all whispering to each other about the wonder of an elephant.





Suzette hou  
van druwe.  
Suzette likes  
grapes.



Mutesi hou van  
grenadellas.  
Mutesi likes  
passion fruit.



Kwesi hou  
van piesangs.  
Kwesi likes  
bananas.

Tiringo hou  
van pynappels.  
Tiringo likes  
pineapples.




Gereproduseer met die goedgegunste toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na [www.praesa.org.za](http://www.praesa.org.za).

Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to [www.praesa.org.za](http://www.praesa.org.za).



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

## Vrugteslaai Fruit salad



*Suzana Mukobwajana  
Fortunée Kubwimana  
Félix Seminega  
Marie Gerber*



Juma hou van mango's.  
Juma likes mangoes.




Muvara hou van lemoene.  
Muvara likes oranges.

En ek? Ek is mal  
oor vrugteslaai!  
Lekker, lekker  
vrugteslaai.  
And me? I love  
fruit salad! Lovely,  
lovely fruit salad.



Mariama hou van waaldmoen.  
Mariama likes watermelon.

Aisha hou van dadel.  
Aisha likes dates.



Phakamani hou van papajas.  
Phakamani likes paw paw.



Aisha



Phakamani



Muvara



Kwesi



Mutesi



Tiringo



Mariama



Juma



Suzette

There was a moment's silence. Then the sleepy elephant flapped his ears and trumpeted so loudly that all six mice scurried for cover.

“An elephant is exactly like a – **rope!**”

himself seemed to be listening!  
The other mice crept closer. Why, even the elephant wrong! I'll tell you exactly what an elephant is like.”  
“Hey, everyone!” called the sixth and youngest blind mouse, hanging from the elephant's tail. “You are all

spat om skuiling te soek.  
ore en trompetter so luidkeels dat al ses muisse uitmekaar  
n Oomblik lank is daar stilte. Toe flap die vaak olifant sy

“n Olifant is net soos 'n – **rou!**”

olifant self ook luster!  
Die ander muisse kruip nader. Dit lyk amper asof die  
olifant is.”

kat aan die stert beet! Laat ek julle vertel presies hoe 'n  
waar hy aan die olifant se stert swaai. “Julle het almal die  
“Haai, julle!” roep die sesde en jongste blinde muis van

Toe gaap die olifant.

“n Baie mooi olifant,” piep die oudste blinde muis sag.

“n Baie vaak olifant!” voeg die jongste muis by.


Die olifant dreun soos hy lag en raak vas aan die slaap.

Then the elephant yawned.

“A very beautiful elephant,” the oldest blind mouse squeaked quietly.

“A very tired elephant!” the youngest mouse chipped in.

And the elephant rumbled with laughter until he fell fast asleep.





Ses blinde muise dut rustig in hulle lêplek toe hulle wakker word van 'n ongewone reuk – iets wat hulle nog nooit tevore geruik het nie. Wat kan dit wees? Hulle móét net uitvind.

Suutjies sluip hulle al agter hulle neuse aan, en ruik allerhande dinge wat hulle ken: hoenders, koeie, varke, mense, honde en ...

Six blind mice, dozing in their nest, were woken by a most unusual smell, a scent they had never smelled before. What could it be? They just had to find out.

As they crept along, following their noses, they smelled lots of things they knew about: chickens, cows, pigs, people, dogs and ...



“Ag, verskoon tog!” sê die olifant sag. “Ek wou julle nie skrikmaak nie. Kom gerus terug. Ek wou net sê, julle almal is so effens reg.”

“Ek is groot en solied, met skerp tande en groot ore, soos waaiers. En ek moet saamstem: my bene lyk soos boomstompe. My slurp is lank en slap en my stert kan maklik met 'n tou verwar word. Maar, op die ou end, maats, is ek maar net soos ... **'n olifant!**”



“I am large and solid with sharp tusks and big fan-like ears. And I have to agree that my legs are like tree-trunks, my nose is long and bendy and my tail could be mistaken for a rope. But, when all is said and done, my friends, I am exactly like an **elephant!**”

“Oh dear!” said the elephant softly. “I really did not mean to scare you. Please come back. I just wanted to say that each of you is a little bit right.”



**Challenge 2**  
Neo loves playing soccer, so he enjoys soccer stories. Read stories about children or adults who have the same hobby as you, or who enjoy playing the same sport as you.

**Uitdaging 2**

Neo hou daarvan om sokker te speel, en geniet stories oor sokker. Lees stories oor kinders of grootmense wat dieselfde stokperdjie as jy het, of wat dieselfde sport as jy geniet.



**My 10 gunstelingstories van 2018**

Storietitel/Story title

Skrywer/Author

1. \_\_\_\_\_
2. \_\_\_\_\_
3. \_\_\_\_\_
4. \_\_\_\_\_
5. \_\_\_\_\_



**My 10 favourite stories of 2018**

Storietitel/Story title

Skrywer/Author

6. \_\_\_\_\_
7. \_\_\_\_\_
8. \_\_\_\_\_
9. \_\_\_\_\_
10. \_\_\_\_\_



**Challenge 1**  
Hope likes stories about everyday life – especially stories about groups of friends and stories that take place at school. Can you find stories that have friends in them and/or have something to do with school? Enjoy reading them!

**Uitdaging 1**

Hope hou van stories oor die alledaagse lewe – veral stories oor groepe maats en stories wat by die skool afspeel. Kan jy stories vind wat maats in het en/of iets met skool te doen het? Geniet dit om hierdie stories te lees!

**Uitdaging 5**

Afrika hou van tradisionele stories. Sy gunsteling is “Tselane en die giarn”. Maak tyd om ’n paar tradisionele stories te lees. Lees jou gunstelingstories weer en vind ander wat jy nog nie voorheen gelees het nie.

**Challenge 5**

Afrika likes reading traditional stories. His favourite is “Tselane and the giarn”. Take the time to read some traditional stories. Re-read ones that are your favourites and also find ones that you have not read before.



**Uitdaging 10**

Josh lees dikwels vir Neo en Bella. Kies stories wat jy geniet het om te lees en vind iemand vir wie jy dit kan lees. (As van hierdie stories romans is, sal jy dalk net een of twee hoofstukke uit elke boek wil kies om hardop te lees!)

**Challenge 10**

Josh often reads to Neo and Bella. Choose some stories that you have enjoyed reading and then find someone to read them to. (If some of these stories are novels, you may want to choose only one or two chapters from each book to read aloud!)



FOLD 1

**Uitdaging 9**

Priya en Neo vertel dikwels vir mekaar van stories wat hulle pas gelees het! Vra van jou maats oor stories wat hulle geniet het. Vind dan hierdie stories en lees dit self.

**Challenge 9**

Priya and Neo often tell each other about stories that they have just read! Ask some of your friends about stories that they have enjoyed reading. Then find these stories and read them yourself.



**Uitdaging 6**

Bella hou van stories oor diere. Het jy ’n gunstelingstorie oor diere? Lees dit weer, en vind dan nuwe stories oor diere om te lees.

**Challenge 6**

Bella likes stories about animals. Do you have a favourite story about animals? Read it again, and then find new stories about animals to read.





### Challenge 4

Afrika loves anything to do with inventions and he enjoys making things! Find books that tell you how to make things – food or objects. Choose some of the things from these books to make. Follow the instructions to make them.

### Uitdaging 4

Afrika hou van enigiets oor uitvindings en hy geniet dit om goed te maak! Vind boeke wat vir jou vertel hoe om iets te maak – kos of voorwerpe. Kies dan van die goed in hierdie boeke en maak dit. Volg die aanwysings om dit te maak.

FOLD 2

### Uitdaging 3

Priya hou daarvan as haar ouma vir haar avontuurverhale lees – dis haar gunsteling! Sy hou daarvan om avontuurverhale te vind deur skrywers wie se boeke sy nog nie voorheen gelees het nie. Probeer stories lees wat geskryf is deur skrywers wat jy nie ken nie. Een van die skrywers kan dalk een van jou gunstelingse word!

### Challenge 3

Priya loves it when her granny reads adventure stories to her – they are her favourite! She loves finding adventure stories by authors that she has not read before. Try reading some stories by authors that are new to you. One of them may become one of your favourites!



Write your own challenge below.

### Uitdaging 11/Challenge 11

Skryf jou eie uitdaging hieronder neer.

### Uitdaging 12/Challenge 12

Skryf jou eie uitdaging hieronder neer.

Write your own challenge below.

---



---



---



---



---



---



### Challenge 8

Josh wants to be a pilot when he grows up and so he spends a lot of time reading about aeroplanes – and anything else in the sky! Find information books on topics that interest you and enjoy learning more about these topics as you read.

### Uitdaging 8

Josh wil 'n vlieënier wees wanneer hy groot is, en hy lees dus baie oor vliegtuie – en enigiets anders in die lug! Vind inligting oor onderwerpe waarin jy belangstel en geniet dit om meer van hierdie onderwerpe te leer terwyl jy lees.

FOLD 3



### Challenge 7

Bella and Neo like fantasy stories. Bella likes stories about queens and Neo likes stories about pirates. Do you enjoy these kinds of stories? What fantasy characters do you enjoy reading about? Try reading some stories that take you on a trip to a fantasy world.

### Uitdaging 7



Bella en Neo hou van fantasieverhale. Bella hou van stories oor koninginne, en Neo hou van stories oor seerowers. Hou jy van hierdie soort stories? Van watter fantasiekarakters lees jy graag? Lees stories wat jou na 'n fantasiewêreld sal wegvoer.

## My leespaspoort vir 2018

### My 2018 reading passport

Naam/Name:

---



### Hoe om hierdie paspoort te gebruik

1. Skryf twee van jou eie leesuitdaginge op bladsye 12 en 13.
2. Probeer elk van die leesuitdaginge in 2018.
3. Kleur die stempel in sodra jy 'n uitdaging voltooi het.
4. Skryf op bladsye 14 en 15 die tien stories se titels wat jy die meeste geniet het, neer. Dit kan stories wees wat jy gelees het as deel van die uitdaginge, of ander stories wat jy gedurende die jaar gelees het.

### How to use this passport

1. Write down two of your own reading challenges on pages 12 and 13.
2. Try each of the reading challenges during 2018.
3. Colour in the stamp once you have completed a challenge.
4. On pages 14 and 15, write down the ten stories you most enjoyed reading. These could be stories you read as part of the challenges or other stories you read during the year.



Nalibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

Nalibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)





## A reading passport

Children learn to read by reading – and they get better at it the more they do it! Your children can use the reading passport on pages 13 and 14 to help them explore the world of reading.

- ★ Encourage them to try all the challenges in the passport, but do not force them to do this.
- ★ They do not have to complete the challenges in order. They may feel more comfortable starting with something they have tried before.
- ★ It doesn't matter if they don't complete all the challenges, but encourage them to try at least one a month.
- ★ Whatever your children read, make sure they enjoy doing it. If they do not like a book or story, they do not have to finish it! The important thing is to explore different types of books and stories.

### Get going

Follow these steps to help your child create their own reading passport.

1. Cut off pages 13 and 14.
2. Fold three times. Make sure the dotted line is inside the fold each time.
  - a. Fold along the purple line. (Fold 1)
  - b. Fold along the green line. (Fold 2)
  - c. Now fold along the blue line. (Fold 3)
3. Cut along the red lines.
4. Let your children add their own reading challenges on pages 12 and 13. Now the passport is ready to use!
5. Let your child try the twelve reading challenges on pages 2 to 13 of the passport. There is a stamp next to each one which they can colour in once they have completed the challenge.
6. Let your child write down the names of ten stories that they read during 2018 and enjoyed the most. These could be new stories that they read, or old favourites. They could be stories that they read as part of the passport challenges or other books they enjoyed.



### Where to find free stories

Nal'ibali has free stories for your children to read throughout the year. Find these stories:

- in the 2018 Nal'ibali Supplements
- in copies of the Nal'ibali Supplement from previous years. (You can download these from the "Multilingual supplement archive" in the "Story supplies" section on the Nal'ibali website – [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).)
- in "Multilingual stories" and "Story cards" in the "Story & rhyme library" section on the Nal'ibali website ([www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)) and on the mobisite ([www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)). You can download the stories and print them out, or read them on a cellphone.



## 'n Leespaspoort

Kinders leer lees deur te lees – en hulle lees beter hoe meer hulle lees! Jou kinders kan die leespaspoort op bladsye 13 en 14 gebruik om hulle te help om die wêreld van lees te verken.

- ★ Moedig hulle aan om al die uitdagings in die paspoort aan te pak, maar moet hulle nie dwing om dit te doen nie.
- ★ Hulle hoef nie die uitdagings in die regte volgorde te voltooi nie. Hulle sal dalk gemakliker voel om met iets te begin wat hulle al voorheen probeer het.
- ★ Dit maak nie saak as hulle nie al die uitdagings voltooi nie, maar moedig hulle aan om minstens een per maand te probeer.
- ★ Wat jou kinders ook al lees, maak seker hulle geniet dit. As hulle nie van 'n boek of storie hou nie, hoef hulle dit nie klaar te lees nie! Die belangrike ding is om verskillende soorte boeke en stories te verken.

### Spring weg

Volg hierdie stappe om jou kinders te help om hul eie leespaspoorte te maak.

1. Knip bladsye 13 en 14 af.
2. Vou drie keer. Maak seker dat die stippellyn elke keer aan die binnkant van die vou is.
  - a. Vou op die pers lyn. (Vou 1)
  - b. Vou op die groen lyn. (Vou 2)
  - c. Vou nou op die blou lyn. (Vou 3)
3. Knip op die rooi lyn.
4. Laat jou kinders hul eie leesuitdagings op bladsye 12 en 13 byvoeg. Nou is die paspoort gereed om te gebruik!
5. Laat jou kinders die twaalf leesuitdagings op bladsye 2 tot 13 van die paspoort probeer. Daar is 'n stempel by elke uitdaging wat jou kinders kan inkleur sodra hulle die uitdaging voltooi het.
6. Laat jou kinders die name van tien stories wat hulle in 2018 gelees en die meeste geniet het, neerskryf. Dit kan nuwe stories wees wat hulle gelees het, of ou gunsteling. Dit kan stories wees wat hulle as deel van die leesuitdagings gelees het of ander boeke wat hulle geniet het.

### Waar om gratis stories te vind

Nal'ibali het gratis stories vir jou kinders wat hulle regdeur die jaar kan lees. Vind hierdie stories:

- in die Nal'ibali-bylaes van 2018
- in eksemplare van die Nal'ibali-bylae uit vorige jare. (Jy kan dit van die "Multilingual supplement archive" in die "Story supplies"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf aflaai – [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).)
- in "Multilingual stories" en "Story cards" in die "Story & rhyme library"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf ([www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)) en op die selfoonwerf ([www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)). Jy kan die stories aflaai en uitdruk, of hulle op 'n selfoon lees.



## NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

**Ikwewezi FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

**Lesedi FM** on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

**Ligwalagwala FM** on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

**Munghana Lonene FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

**Phalaphala FM** on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

**RSG** on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

**SAfm** on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

**Thobela FM** on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

**Ukhozi FM** on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

**Umhlobo Wenene FM** on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

**X-K FM** on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



## NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

**Ikwewezi FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

**Lesedi FM** op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

**Ligwalagwala FM** van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

**Munghana Lonene FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

**Phalaphala FM** van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

**RSG** van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

**SAfm** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

**Thobela FM** op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.


**Ukhozi FM** op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

**Umhlobo Wenene FM** van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

**X-K FM** op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.



# Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.

Be a chef that cooks words instead of food! Look in the story, *I want to be a chef!*, and find as many words as you can that have something to do with cooking and baking. Write them on and around the pot below. Then add ten words of your own.



Wees 'n sjef wat woorde in plaas van kos maak! Kyk in die storie, *Ek wil 'n sjef wees!*, en vind soveel woorde as wat jy kan wat iets met kos maak en bak te doen het. Skryf die woorde op en om die pot hieronder. Voeg dan tien van jou eie woorde by.



2.

Use your imagination to complete the story.

Gebruik jou verbeelding om die storie te voltooi.

Long ago, there was a land filled with every kind of fruit tree. The only fruit that nobody had ever seen or tasted, was the lemon.

One day, the king's favourite daughter, Bokang, fell ill. Many doctors and sangomas tried to help her, but Bokang didn't get better. At last, a very old sangoma was called.

"Somewhere in this country there is a lemon tree," she told the king. "If you give Bokang the juice of one of its lemons, she will get better ..."



Lank gelede was daar 'n land waar elke soort vrugteboom gegroei het. Die enigste vrug wat niemand ooit gesien of geproe het nie, was die suurlemoen.

Op 'n dag raak die koning se gunstelingdogter, Bokang, siek. Baie dokters en sangomas probeer haar help, maar Bokang word nie gesond nie. Uiteindelik word 'n baie ou sangoma ingeroep.

"Erens in hierdie land is daar 'n suurlemoenboom," sê sy vir die koning. "As jy vir Bokang die sap van een van die suurlemoene gee, sal sy gesond word ..."

Look out for the World Read Aloud Day edition of the Nal'ibali Supplement in the week of 28 January. For information on how to get involved in Nal'ibali's World Read Aloud Day activities, go to [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).



Visit us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)

Kyk uit vir die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees in die week van 28 Januarie. Vir inligting oor hoe om betrokke te raak by Nal'ibali se aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees, gaan na [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org).

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SW  
Sunday  
World



Drive your imagination